


Strepe

in die kleure
van die see



Brei hierdie fraai truitjies vir dié dae wanneer jy in ligte luim is. Dit is som-
mer gou-gou klaar. Deur Riana van der Merwe



AFKORTINGS

alt – alternatiewe;
aw – brei aweregs;
beg – begin;
grtgso – glip 1 st, r 1 st, trek glip-
steek oor;
herh – herhaal;
ks – koussteek, 1 ry regs, 1 ry awe-
regs;
N(e) – naald(e);
oorbl – oorblywende;
pat – patroon;

r – brei regs;
st(e) – steek(steke);
rif – riffelsteek, uiteengesit waar
toepaslik;
R(V)K – regte(verkeerde) kant
van werk;
st(e) – steek(steke);
tes – tesame;
vermeer – vermeerder;
vermin – verminder;
vlg – volgende;
weersk – weerskante.

KORTMOUTRUITJIE

BENODIGDHEDE

Pinguin Family Knit-vierdraad
(50 g-bolle), 3(4; 4; 5) bolle sak-
siesblou (kleur nr. 26, A), 2(2; 3;
3; 3) bolle Surf (52, B), 1 bol liggrys
(11, C); 'n paar elk Inox-breinaalde
van 2,25 mm en 3,00 mm; reser-
wenaald.

Let wel: Tensy aanbevole brei-
draad gebruik word, kan

Pinguin geen verantwoorde-
likheid vir die voltooide werk aan-
vaar nie.

MATE

Om borsmaat van 82(87; 92-97; 102;
107) cm lossies te pas; ware
grootte: borsmaat 100(104; 110;
115; 121) cm, lengte tot skouer
50(52; 54; 56; 58) cm, mounaat
14(15; 16; 17; 18) cm.

SPANNING

Bespaar tyd deur 'n spannings-
toets te doen. 28 ste en 37 rye = 10
x 10 cm oor koussteek met 3,00
mm-naalde. Die regte spanning is
uiters belangrik; as daar minder
steke in jou toetslappie is, moet
dunner, en indien te veel, dikker
breinaalde gebruik word.

STREEPPATROON

Beg met 'n r-ry, brei 4 rye ks met
B, 2 rye C, 4 rye B en 10 rye A. Dié
20 rye vorm een patroonstrook.
Patroonvolgorde vir moue: Beg
met 'n r-ry, brei 8 rye ks met A,
daarna streep-pat soos uiteenge-
sit.

AGTERPANT

Gebruik 2,25 mm-Ne en A, stel
140(146; 155; 161; 170) ste op, brei
rif.

1e (RK) ry: *aw2, r1*; herh van *
tot *, eindig met aw2.

2e ry: r2, *aw1, r2*; herh van *
tot *.

Herh dié 2 rye nog 5 keer.

Slaan oor na 3,00 mm-Ne en
streep-pat, brei sonder vorming
tot 4(4; 5; 5; 5) streepstroke voltooi
is, brei dan nog 14(16; 0; 4; 8) rye
van vlg strook. Jy het dan 94(96;
100; 104; 108) rye in streppat
voltooi.

Mousgatvorming: Hou pat deur-
lopend en heg 2 ste af aan beg van

vlg 2 rye, dan 1 st aan beg van daaropvlg 2 rye; herh die 4 rye nog 2(3; 3; 3) keer.

Heg daarna 2(0; 0; 1; 2) ste af aan beg van vlg 2 rye.

Brei voort op oorbl 118(122; 131; 135; 142) ste tot werk 21(22; 23; 24; 25) cm lank is vanaf beg van mousgate, regaf gemeet, eindig met 'n aw-ry.

Skryf die totale aantal pat-rye wat nou voltooi is neer.

Hals- en skouervorming, 1e ry: r30(32; 35; 37; 40) ste, plaas dit op reserwenaald, heg vlg 58(58; 61; 61; 62) ste af, r tot einde.

Linkerskouer: Brei 1 ry sonder vorming op die 30(32; 35; 37; 40) ste wat op N oorby.

***Hou pat deurlopend en heg 3 ste af aan beg van vlg ry en daaropvlg alt ry.

Heg daarna 6(6; 7; 8; 9) ste af aan beg van vlg ry en 3 ste aan halsrand van daaropvlg ry. Herh laaste 2 rye 1 keer, heg dan oorbl 6(8; 9; 9; 10) ste af.

Regterskouer: Heg ooreenstemmende kleur werkdraad aan halsrand van oorbl ste vas, voltooi soos uiteengesit van *** tot einde vir linkerskouer.

VOORPANT

Soos agterpant tot 18 rye minder

voltooi is as die totale aantal wat tot ** gebrei is vir agterpant; eindig dus met 'n aw-ry.

Hals- en skouervorming, 1e ry: r36(38; 41; 43; 46) ste en plaas hulle op 'n reserwenaald; heg vlg 46(46; 49; 49; 50) ste af, r tot einde.

Regterskouer: Brei 1 ry op 36(38; 41; 43; 46) ste wat op N oorby.

****Heg 4 ste af aan beg van vlg ry en daaropvlg alt ry, 2 ste aan dieselfde rand van vlg 3 alt rye, dan 1 st in daaropvlg 4 alt rye. Brei 4 rye op oorbl 18(20; 23; 25; 28) ste, eindig dus aan mousgatrang. Heg 6(6; 7; 8; 9) ste af aan beg van vlg ry en daaropvlg alt ry, brei 1 ry en heg oorbl 6(8; 9; 9; 10) ste af.

Linkerskouer: Heg ooreenstemmende kleur werkdraad aan halsrand van oorbl ste vas en voltooi soos uiteengesit vir eerste skouer van **** tot einde.

MOUE (2)

Gebruik 2,25 mm-Ne en A, stel 95(101; 104; 107; 113) ste op en brei 12 rye rif soos uiteengesit vir middelboord van agterpant, maar vermeer vir 3e, 4e en 5e grootte 1 st in middel van laaste ry – 95(101; 105; 108; 114) ste.

Slaan oor na 3 mm-Ne en brei patvolgorde soos uiteengesit, vermeer 1 st aan weersk van elke 4e

ry 1(1; 1; 1; 5) keer, dan aan weersk van elke vlg 3e ry 8(10; 12; 14; 10) keer, daarna aan weersk van vlg 5(3; 2; 1; 1) alt ry(e).

Brei voort op dié 123(129; 135; 140; 146)ste; brei 4 rye sonder vorming. Daar is dus 42(44; 48; 52; 56) pat-rye voltooi; eindig met dieselfde pat-ry soos vóór beg van mousgatvorming aan agter- en voorpant.

Moukopvorming: Brei soos uiteengesit vir mousgatvorming van agterpant, heg daarna oorbl 101(105; 111; 114; 118) ste af.

HALSBOORDJIE

Met RK voor en 2,25 mm-Ne en A, tel op en r 87(87; 90; 90; 93) ste uit halsrand van agterpant. Brei rif.

1e (VK) ry: r1, *aw1, r2*; herh van * tot *, eindig met aw1, r1; begin vorming.

2e ry: aw1, *grtgso, hou daarna rif deurlopend tot laaste 3 ste, r2tes, aw1.

3e ry: r1, aw1, brei rif tot laaste 2 ste, aw1, r1. Herh 2e en 3e ry nog 4 keer, dan 2e ry nogmaals. Heg oorbl 75(75; 78; 78; 81) ste rifs-gewys af.

Met RK voor, 2,25 mm-Ne en A, tel op en r 96(96; 99; 99; 102) ste uit halsrand van voorpant. Gaan te

werk soos uiteengesit vir halsboord van agterpant en heg na voltooiing van laaste ry oorbl 84(84; 87; 87; 90)ste rifs-gewys af.

AFWERKING

Werk skouernate en kort kante van halsboordjies aaneen toe. Werk moue vas.

Werk daarna sy- en mounate toe, en sorg dat die streep-pat ooreenstem.

MOULOSE TRUITJIE

BENODIGDHEDE

Pingouin Family Knit-vierdraad (50 g-bolle), 2(2; 2; 3; 3) bolle appelgroen (kleur nr. 28, A), 1(1; 1; 2; 2) bolle Surf (52, B), en 2(2; 2; 3; 3) bolle wolklou (03, C); 'n paar elk Inox-breinaalde van 2,75 mm en 3,00 mm; reserwenaald.

Let wel: Tensy aanbevole breidraad gebruik word, kan Pingouin geen verantwoordelijkheid vir voltooide werk aanvaar nie.

MATE

Om borsmaat van 77(82; 87; 92; 97) cm lossies te pas; ware grootte: borsmaat 87(92; 98; 104; 110) cm, lengte tot skouer 48 (50; 52; 54; 56) cm.

Sewe koerieroplossings wat jou binne 'n oogwink



TOONBANK TOT TOONBANK



Vir groter koste-doeltreffendheid, stuur jou item vanaf enige van 1 200 poskantore vir afhaal by enige poskantoor in Suid-Afrika.

TOONBANK TOT DEUR



Versend jou koerier-item vanaf jou plaaslike poskantoor vir aflewering direk by die geadresseerde gewaarborg voor 10:30 in alle hoofsentra.

DEUR TOT TOONBANK



Jou item word by jou deur afgehaal en landwyd afgelewer by enige van 1 200 poskantore waar Speed Services Couriers-dienste beskikbaar is.

DEUR TOT DEUR



Hierdie uiters-gerieflike deur-tot-deur afhaal- en aflewerdienste is ses dae per week tussen hoofsentra beskikbaar.

KOERIER VANDAG



Selfdedagdiens 'n Diens tussen hoofsentra, 365 dae per jaar, met gewaarborgde selfdedag-aflewering.

Speed Services Couriers-kliëntediens 0800 023 133

SPANNING

Bespaar tyd deur 'n spannings-toets te doen: 28 steke en 38 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 3,00 mm-naalde. Die regte spanning is uiters belangrik; as daar minder steke in jou toetslappie is, moet dunner, en indien te veel, dikker breinaalde gebruik word.

STREEPPATROON

Brei ks; beg met 'n r-ry, en brei *2 rye A, 2 rye C, 8 rye A, 2 rye C, 8 rye B, 2 rye C, 8 rye A, 2 rye C*; herh die 34 rye (van * tot *) soos aangedui.

AGTERPANT

Gebruik 2,75 mm-Ne en C en stel 114(122; 130; 138; 146) ste op; brei rif.

1e (RK) ry: r3, *aw4, r4*; herh van * tot *, eindig met aw4, r3.

2e ry: aw3, r4, *aw4, r4*; herh van * tot *, eindig aw3.

Herh dié 2 rye tot werk 6 cm lank is vanaf beg, eindig met 'n 1e rif-ry.

Vermeer-ry: Rif 8(8; 9; 9; 10), vermeer in vlg st, [rif 13(14; 15; 16; 17), vermeer in vlg st] 7 keer, rif oorbl 7(8; 8; 9; 9) ste – 122(130; 138; 146; 154) ste.

Slaan oor na 3,00 mm-Ne en brei streep-pat soos uiteengesit, heg

kleure vas soos nodig.

Brei sonder vorming tot werk 29(30; 31; 32; 33) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n aw-ry. Skryf die aantal streep-pat-rye neer.

Mousgatvorming: Heg 4 ste af aan beg van vlg 2 rye, 3 ste aan beg van daaropvlg 2 rye, dan 2 ste aan beg van vlg 6(8; 10; 10; 10) rye; vermin daarna 1 st aan weersk van elke vlg alt ry, 5(4; 3; 3; 3) keer altesaam, en vermin laastens 1 st aan weersk van elke vlg 4e ry 8(9; 10; 11; 12) keer.

Brei op oorbl 70(74; 78; 84; 90) ste tot werk 45(47; 49; 51; 53) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n aw-ry.

Halsvorming, 1e ry: r 24(25; 26; 28; 30) ste en plaas hulle op 'n reserwenaald, heg vlg 22(24; 26; 28; 30) ste af, r tot einde.

Linkerskouer: Brei 1 ry op die 24(25; 26; 28; 30) ste.

****Heg 6 ste af aan beg van vlg ry, 4 ste aan dieselfde rand van vlg alt ry, dan 2 ste in daaropvlg alt ry en 1 st in vlg alt ry.****

Brei 3 rye op oorbl 11(12; 13; 15; 17) ste, heg in vlg ry af.

Regterskouer: Heg die regte kleur vas aan halsrand van oorbl ste, brei dan soos uiteengesit van ** tot **.

Brei 4 rye sonder vorming en heg oorbl 11(12; 13; 15; 17) ste af.

VOORPANT

Soos agterpant tot dieselfde aantal rye as vir agterpant tot mousgatvorming voltooi is.

Mousgatvorming: Heg 4 ste af aan beg van vlg 2 rye, 3 ste aan beg van daaropvlg 2 rye, dan 2 ste aan beg van vlg 6(8; 10; 10; 10) rye; vermin daarna 1 st aan weersk van elke alt ry, 5(4; 3; 3; 3) keer, en vermin daarna 1 st aan weersk van elke vlg 4e ry, 2(3; 4; 5; 6) keer. Jy eindig dus met 'n aw-ry en 82(86; 90; 96; 102) ste bly oor.

Halsvorming, 1e ry: r 33(34; 35; 37; 39) ste, plaas hulle op 'n reserwenaald, heg vlg 16(18; 20; 22; 24) ste af, r tot einde.

Regterskouer: Brei 1 ry op 33(34; 35; 37; 39) ste wat op N oorbly.

*****Heg 3 ste af aan beg van vlg ry, 2 ste aan dieselfde rand in daaropvlg 2 alt rye, dan 1 st in vlg 4 alt rye en laastens vermin 1 st aan dieselfde rand in elke vlg 4e ry, 5 keer altesaam; maar terselfdertyd, nadat jy 3 rye gebrei het vanaf die beg van halsvorming, vermin 1 st aan mousgatrand van vlg ry, dan van elke daaropvlg 4e ry, 5 keer. Hou daarna die mousgatrand reguit en wanneer alle halsrand-vermin voltooi is, brei voort op 11(12; 13; 15; 17) ste tot werk so lank soos agterpant tot skouer is, eindig met**

dieselfde pat-ry. Heg af.

Linkerskouer: Heg die regte kleur vas aan halsrand van oorbl ste, brei soos uiteengesit vir regtervoorpant van *** tot einde.

AFWERKING

Werk regterskouernaat toe.

Halsboordjie: Met RK voor, C en 2,75 mm-Ne, tel op en r 92(94; 96; 98; 100) ste uit halsrand van voorpant en 54(56; 58; 60; 62) ste uit halsrand van agterpant – 146(150; 154; 158; 162) ste. Beg met 'n aw-ry en brei 5 rye ks, heg dan lossies af.

Werk linkerskouernaat toe, en werk kort kante van halsstrook aan VK toe; hierdie boordjie sal oprol en die aw-kant toon.

Mousgatboordjies: Met RK voor, C en 2,75 mm-Ne, tel op en r 64(67; 70; 73; 76) ste uit regtermousgatrand van agterpant, 1 st uit skouernaat en 64(67; 70; 73; 76) ste uit regtermousgatrand van voorpant – 129(135; 141; 147; 153) ste.

Brei soos uiteengesit vir halsboordjie. Maak ook so 'n boordjie aan linkermousgat.

Werk synate toe, sorg dat strepe ooreenstem. Werk daarna kort kante van mousgatboordjies aan VK toe.

sal laat skitter



Oornagdiens
Vanaf Maandag tot Saterdagoggend, direk aan 'n privaat of besigheidstraatadres, 'n poskantoor-toonbank, privaat posbusse of -sakke.

Wêreldwye diens
Deur-tot-deur of toonbank-tot-deurdiens wat bestemmings in 140 lande wêreldwyd binne een tot ses werksdae sal bereik.



Vind uit hoe Speed Services Couriers vir jou kan werk

☐ JA, Ek wil graag weet hoe Speed Services Couriers my onderneming doeltreffender kan maak. Stuur asseblief aan my meer besonderhede oor Speed Services Couriers se sewe kragtige koerieroplossings.

Naam: _____

Titel: _____ Posisie: _____

Maatskappy: _____

Tipe onderneming: _____

Posadres: _____

_____ Poskode: _____

Tel: _____ Faks: _____

Stuur asseblief aan Speed Services Couriers, Vryposno JF 6153, Kempton Park. Of faks aan Speed Services Couriers by (011) 397-2080.



KEUSE STEL JOU VRY

Young & Rubicam 118664/ Rooi Rose